basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## DRAMATIESE KUNSTE

## 2023

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | 20ste-eeuse Teaterbewegings | (30) |
| AFDELING B: | Suid-Afrikaanse Teater: 1960–1994 | (40) |
| AFDELING C: | Suid-Afrikaanse Teater: Ná 1994–Kontemporêr | (40) |
| AFDELING D: | Teatergeskiedenis, Praktiese Begrippe, Inhoud en Vaardighede | (40) |

2. **AFDELING A**
**VRAAG 1 is VERPLIGTEND.**
**Verwys na die toneelteks wat jy bestudeer het en die betrokke 20ste-eeuse Teaterbeweging.**

**EPIESE TEATER**

- *Caucasian Chalk Circle* Bertolt Brecht
- *Kaukasiese Krytsirkel* Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *Mother Courage* Bertolt Brecht
- *Moeder Courage* Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *The Good Person of Szechwan* Bertolt Brecht
- *Kanna Hy Kô Hystoe* Adam Small

**OF**

**TEATER VAN DIE ABSURDE**

- *Waiting for Godot* Samuel Beckett
- *Afspraak met Godot* Vertaling van Samuel Beckett-toneelteks
- *Bagasie* André P Brink
- *The Bald Primadonna* Eugene Ionesco
- *Die Kaalkop Primadonna* Vertaling van Eugene Ionesco-toneelteks

**OF**

**POSTMODERNE TEATER**

- *Skrapnel* Willem Anker
- *Top Girls* Carol Churchill
- *Popcorn* Ben Elton
- *Buried Child* Sam Shepard

3. **AFDELING B**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**
VRAAG 2: *Woza Albert!* Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon **OF**
VRAAG 3: *Sophiatown* Junction Avenue Theatre Company **OF**
VRAAG 4: *Siener in die Suburbs* PG du Plessis

4. **AFDELING C**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**
VRAAG 5: *Nothing but the Truth* John Kani **OF**
VRAAG 6: *Groundswell* Ian Bruce **OF**
VRAAG 7: *Mis* Reza de Wet

5. **AFDELING D**
**Hierdie afdeling is VERPLIGTEND. Beantwoord VRAAG 8 en 9.**

**AFDELING A: 20ste-EEUSE TEATERBEWEGINGS**

Hierdie vraag is VERPLIGTEND.

**VRAAG 1**

Verwys na BRON A hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**BRON A**



[Bron: Google.com]

Teater laat val die lig op die lewe, die samelewing en, nog belangriker, op jouself.

– Anastasia Roberts

Skep en skryf 'n opstel waarin jy die lesse bespreek wat teater jou oor die lewe, die samelewing en jouself leer deur die karakters en temas van die toneelstuk wat jy bestudeer het.

Besin oor en integreer BRON A, die toneelteks en die 20ste-eeuse Teaterbeweging wat jy hierdie jaar bestudeer het.

Skryf die titel van die toneelteks en die 20ste-eeuse Teaterbeweging (Teater van die Absurde OF Epiese Teater OF Postmoderne Teater) wat jy bestudeer het, aan die begin van jou opstel neer.

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994**

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

**VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON**

Bestudeer BRON B hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON B: 'N TEATERRESENSENT SE RESENSIE VAN *WOZA ALBERT!***

Ek het onlangs 'n produksie van *Woza Albert!* gesien wat beide ongeïnspireerd en vervelig was. Dit was weinig meer as 'n voorlees van die toneelstuk. Die totale gebrek aan teater-elemente soos karakterisering, ideofone, sang, mimiek, fisieke teater en dans het 'n totale misverstaan van die oorspronklike teaterstyl en impak van die toneelstuk getoon. Die akteurs het bloot gesit en hulle woorde opgesê en geen lewe aan die baie karakters wat hulle moes vertolk, gegee nie.

*Woza Albert!* het egter nog baie te sê oor die huidige sosiopolitieke en ekonomiese situasie in Suid-Afrika. Toe *Woza Albert!* geskep is, was die hoofdoel daarvan om die ongeregtighede van apartheid bloot te lê en verandering buite die teater te mobiliseer.

Die sentrale idee van die toneelstuk, wat Morena, Jesus Christus, sou doen as die wederkoms in die apartheidsera in Suid-Afrika sou plaasvind, word tot 'n opwindende slot gebring wanneer Morena vryheidstryd('struggle')-helde uit die dood terugbring. Deur op die skouers van ons helde te staan en te gebruik wat hulle ons geleer het, kan ons van Suid-Afrika 'n beter plek maak.

Hierdie toneelstuk het vandag nog die mag om solidariteit, verontwaardiging en aksie aan te vuur.

– Bradley Adams

2.1 Noem die 'oorspronklike teaterstyl' van die toneelstuk (reël 4). (2)

2.2 Noem TWEE doelwitte van die teaterstyl wat in VRAAG 2.1 genoem word. (2)

2.3 Identifiseer die teater-elemente van die produksie van *Woza Albert!* wat deur Bradley Adams gekritiseer is. (4)

2.4 Verduidelik hoe die 'ongeregtighede van apartheid' (reël 9) in *Woza Albert!* aangebied word. (6)

2.5 Beskryf hoe die stappe/fases van die werkswinkelproses van *Woza Albert!* met die 'sentrale idee van die toneelstuk' (reël 10) begin het en daaruit ontwikkel het. (6)

2.6 Motiveer hoekom Morena so 'n belangrike karakter is, alhoewel hy slegs in die slottoneel van die toneelstuk verskyn. (4)

2.7 Evalueer hoe die toneelstuk steeds 'die mag (het) om solidariteit, verontwaardiging en aksie aan te vuur' (reël 15–16). (6)

2.8 Stel voor hoe jy 'n produksie van *Woza Albert!* sal skep om dit teatraal meer opwindend as die beskrywing in BRON B te maak. (10)

**[40]**

**VRAAG 3: *SOPHIATOWN* DEUR DIE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY**

Bestudeer BRON C hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON C: 'N TEATERRESENSENT SE RESENSIE VAN *SOPHIATOWN***

Ek het onlangs 'n produksie van *Sophiatown* gesien wat beide ongeïnspireerd en vervelig was. Dit was weinig meer as 'n voorlees van die toneelstuk. Die totale gebrek aan teater-elemente soos vertelling, musiek, dans, baniere en slagspreuke het 'n totale misverstaan van die oorspronklike teaterstyl en impak van die toneelstuk getoon. Die akteurs het bloot gesit en hulle woorde opgesê en geen lewe aan die karakters wat hulle moes vertolk, gegee nie.

*Sophiatown* het egter nog baie te sê oor die huidige sosiopolitieke en ekonomiese situasie in Suid-Afrika. Toe die toneelstuk geskep is, was die hoofdoel daarvan om die ongeregtighede van apartheid bloot te lê, die geskiedenis van die land te dokumenteer en verandering buite die teater te mobiliseer.

Die aanvanklike idee was wat sou gebeur as 'n wit Joodse meisie 'n advertensie beantwoord om in apartheid-Suid-Afrika in Sophiatown te bly, maar die hoofdoel van die toneelstuk was om die stelselmatige afbreek te toon van die gees en plek wat Sophia, Kofifi, was. Die toneelstuk eindig met 'n verwoestende slot nadat Sophiatown vernietig is. Ons kan baie leer deur na 'n produksie te kyk wat getrou is aan die oorspronklike styl waarin dit gemaak, vervaardig en opgevoer is.

Hierdie toneelstuk het vandag nog die mag om solidariteit, verontwaardiging en aksie aan te vuur.

– Lebo Ntshingila

3.1 Noem die 'oorspronklike teaterstyl' van die toneelstuk (reël 4). (2)

3.2 Noem TWEE doelwitte van die teaterstyl wat in VRAAG 3.1 genoem word. (2)

3.3 Identifiseer die teater-elemente van die produksie van *Sophiatown* wat deur Lebo Ntshingila gekritiseer is. (4)

3.4 Verduidelik hoe die 'ongeregtighede van apartheid' (reël 9) in *Sophiatown* aangebied word. (6)

3.5 Beskryf hoe die stappe/fases van die werkswinkelproses van *Sophiatown* met die 'aanvanklike idee' van die toneelstuk (reël 11) begin het en daaruit ontwikkel het. (6)

3.6 Motiveer waarom Charlie 'n belangrike karakter kan wees, alhoewel hy byna nooit in die toneelstuk praat nie. (4)

3.7 Evalueer hoe die toneelstuk steeds 'die mag (het) om solidariteit, verontwaardiging en aksie aan te vuur' (reël 17–18). (6)

3.8 Stel voor hoe jy 'n produksie van *Sophiatown* sal skep om dit teatraal meer opwindend as die beskrywing in BRON C te maak. (10)

**[40]**

## VRAAG 4: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS

Bestudeer BRON D hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON D: 'N TEATERRESENSENT SE RESENSIE VAN *SIENER IN DIE SUBURBS***

'n Paar jaar gelede het ek na 'n opvoering van *Siener in die Suburbs* gekyk wat totaal anders as die oorspronklike teaterstyl van die toneelstuk was. Die teater-elemente het my die meeste gepla; dit is op 'n byna leë verhoog opgevoer met rostra (swart bokse) wat gebruik is om die swart Buick voor te stel. Deurkosyne het as ingang na die huis gedien. 'n Hoenderhok is op die agtermuur geverf en die klankeffekte van kettings en gereedskap het aangedui dat Tjokkie aan die motor werk. Jakes het binnegekom en sy fiets nageboots met vooraf-opgeneemde klanke van die motorfiets wat hard oor die luidsprekers gespeel het. Reeds toe het 'n waarskuwingsein weerklink. Toe die karakters in swart kostuums verskyn het, was dit duidelik dat die vervaardigers die oorspronklike teaterstyl van die toneelstuk verkeerd verstaan het.

*Siener in die Suburbs* bied egter die sosio-ekonomiese situasie in Suid-Afrika tydens apartheid aan en het nog heelwat te sê oor die huidige sosiopolitieke en ekonomiese situasie. Ons het empatie met karakters wat smag om van ongeregtighede in die samelewing weg te breek.

Hierdie probleme sluit armoede, verslawing, verbale en emosionele mishandeling, geweld, diskriminasie en alkoholisme in. Die toneelstuk het steeds die mag om solidariteit, verontwaardiging en aksie aan te vuur.

– Sanet du Plessis

4.1 Noem die 'oorspronklike teaterstyl' van die toneelstuk (reël 2). (2)

4.2 Identifiseer VIER kenmerke van die teaterstyl wat in VRAAG 4.1 genoem is. (4)

4.3 Ontleed die teater-elemente van die produksie van *Siener in die Suburbs* wat deur Sanet du Plessis gekritiseer is. (4)

4.4 Bespreek hoe 'die sosio-ekonomiese situasie in Suid-Afrika tydens apartheid' (reël 11–12) in *Siener in die Suburbs* aangebied word. (8)

4.5 Motiveer waarom Pa so 'n belangrike karakter is alhoewel hy nooit op die verhoog is nie. (6)

4.6 Evalueer hoe die toneelstuk steeds 'die mag (het) om solidariteit, verontwaardiging en aksie aan te vuur' (reël 16–17). (6)

4.7 Stel voor hoe jy 'n produksie van *Siener in die Suburbs* sal skep om dit teatraal meer opwindend as die beskrywing in BRON D te maak. (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994–KONTEMPORÊR**

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

**VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI**


Bestudeer BRON E hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON E: AANTEKENINGE DEUR DIE REGISSEUR VAN *NOTHING BUT THE TRUTH* GESKRYF**

# REGISSEUR SE AANTEKENINGEBOEK

**MY DOENLYSIE**

**STELONTWERP: REALISTIES. MADALASTRAAT 46, NEW BRIGHTON.**
**3,6 m x 7,2 m AFGESLOTE STEL ('BOX SET').**




Sarah Roberts's design for the set of Nothing But the Truth

- **HOU OUDISIES VIR SIPHO, THANDO EN MANDISA**
- **ONTWERP DIE BELIGTING, KLANK EN KOSTUUMS**
- **SKEP 'N REPETISIESKEDULE**
- **BESPREEK 'N GESKIKTE TEATER VIR OPVOERING**
- **STEL OPVOERINGSDATUMS VAS**

**HOOGTEPUNT:**

- Die betekenis van die toneelstuk se titel
- Hoe persoonlike stories die storie van Suid-Afrikaners vertel

Stel jou voor dat jy die toneelstuk *Nothing but the Truth* regisseer en in jou voorbereiding het jy die aantekeninge in BRON E geskep.

5.1 Sê hoekom dit vir jou nuttig is om regisseursaantekeninge te hê. (2)

5.2 Stel die vaardighede voor wat jy van 'n akteur kan verwag wat 'n oudisie vir die rol van Sipho doen. (4)

5.3 Verduidelik waarom dit vir jou nuttig is om 'n skets/foto/model van die stelontwerp te hê. (4)

5.4 Beskryf die stel van die toneelstuk aan jou geselskap. (4)

5.5 Motiveer jou keuse van kostuum vir Mandisa se karakter. (4)

5.6 Ontleed hoe jy Stanislavski se stelsel/metode kan toepas wanneer jy tydens repetisies met jou akteurs werk. (6)

5.7 Evalueer die belangrikheid van die toneelstuk se titel en bring dit met die temas van die toneelstuk in verband. (6)

5.8 Bespreek hoe die persoonlike storie van die Makhaya-gesin die stories van baie Suid-Afrikaners vertel. (10)
**[40]**

**VRAAG 6: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE**

Bestudeer BRON F hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON F: AANTEKENINGE DEUR DIE REGISSEUR VAN *GROUNDSWELL* GESKRYF**

## REGISSEUR SE AANTEKENINGEBOEK

**MY DOENLYSIE**

**ONTWERP DIE STEL:**
**Garnet Lodge. 'n Afgeleë Weskus-gastehuis. In 'n klein diamantmynbou-vissersdorpie.**



[Bron: Backstage.com]

- **HOU OUDISIES VIR JOHAN, THAMI EN SMITH**
- **ONTWERP DIE BELIGTING, KLANK EN KOSTUUMS**
- **VIND 'N GESKIKTE TEATER VIR OPVOERING EN BESPREEK DIT**
- **SKEP 'N REPETISIESKEDULE**
- **STEL OPVOERINGSDATUMS VAS**

**HOOGTEPUNT:**
- Die betekenis van die toneelstuk se titel
- Hoe persoonlike stories die storie van Suid-Afrikaners vertel

Stel jou voor dat jy die toneelstuk *Groundswell* regisseer en in jou voorbereiding het jy die aantekeninge in BRON F geskep.

6.1 Sê hoekom dit vir jou nuttig is om regisseursaantekeninge te hê. (2)

6.2 Stel die vaardighede voor wat jy van 'n akteur kan verwag wat 'n oudisie vir die rol van Johan doen. (4)

6.3 Verduidelik waarom dit vir jou nuttig is om 'n skets/foto/model van die stelontwerp te hê. (4)

6.4 Beskryf die stel van die toneelstuk aan jou geselskap. (4)

6.5 Motiveer jou keuse van kostuum vir Thami se karakter. (4)

6.6 Ontleed hoe jy Stanislavski se stelsel/metode kan toepas wanneer jy tydens repetisies met jou akteurs werk. (6)

6.7 Evalueer die belangrikheid van die toneelstuk se titel en bring dit met die temas van die toneelstuk in verband. (6)

6.8 Bespreek hoe die persoonlike stories van die drie karakters in die toneelstuk die politieke storie van Suid-Afrika vertel. (10)

**[40]**

**VRAAG 7: *MIS* DEUR REZA DE WET**

Bestudeer BRON G hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON G: AANTEKENINGE DEUR DIE REGISSEUR VAN *MISSING* GESKRYF**

REGISSEUR SE AANTEKENINGEBOEK

MY DOENLYSIE

**ONTWERP DIE STEL:**
**Die kombuis van 'n ou huis op 'n afgeleë kleinhoewe in Suid-Afrika.**



[Bron: Beverley Brommert]

- **HOU OUDISIES VIR MIEM, MEISIE, GERTIE EN KONSTABEL**
- **ONTWERP DIE BELIGTING, KLANK EN KOSTUUMS**
- **VIND 'N GEPASTE TEATER**
- **SKEP 'N REPETISIESKEDULE**
- **STEL OPVOERINGSDATUMS VAS**

**HOOGTEPUNT:**
- Die betekenis van die toneelstuk se titel
- Hoe persoonlike stories die storie van Suid-Afrikaners vertel

Stel jou voor dat jy die toneelstuk *Mis* regisseer en in jou voorbereiding het jy die aantekeninge in BRON G geskep.

7.1 Sê hoekom dit vir jou nuttig is om regisseursaantekeninge te hê. (2)

7.2 Stel die vaardighede voor wat jy van 'n akteur kan verwag wat 'n oudisie vir die rol van Miem doen. (4)

7.3 Verduidelik waarom dit vir jou nuttig is om 'n skets/foto/model van die stelontwerp te hê. (4)

7.4 Beskryf die stel van die toneelstuk aan jou geselskap. (4)

7.5 Motiveer jou keuse van kostuum vir Meisie se karakter. (4)

7.6 Ontleed hoe jy Stanislavski se stelsel/metode kan toepas wanneer jy tydens repetisies met jou akteurs werk. (6)

7.7 Evalueer die belangrikheid van die toneelstuk se titel en bring dit met die temas van die toneelstuk in verband. (6)

7.8 Bespreek hoe die persoonlike stories van die karakters in die toneelstuk die storie van baie Suid-Afrikaners vertel. (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**


**AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE BEGRIPPE, INHOUD EN VAARDIGHEDE**

**VRAAG 8 en 9 is VERPLIGTEND.**


**VRAAG 8**

Bestudeer BRON H hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON H: VISUELE BEELDE VAN 'N ARENAVERHOOG**



**ARENAVERHOOG**




[Bron: Google.com]

Stel jou voor dat jy gevra is om 'n Arm/Gestroopte Teater-produksie op die verhoog in BRON H op te voer.

8.1 Gee 'n ander naam vir 'n arenaverhoog. (2)

8.2 Noem TWEE nadele wanneer 'n toneelstuk op 'n arenaverhoog opgevoer word. (2)

8.3 Motiveer waarom 'n Arm/Gestroopte Teater-produksie op hierdie verhoogtipe effektief kan wees. (6)

8.4 Beskryf die akteur-gehoor-verhouding wat jy graag wil skep deur 'n arena-verhoog te gebruik. (4)

8.5 Verduidelik die volgende kenmerke van Arm/Gestroopte Teater:

- Via Negativia
- Die Heilige Akteur (6)

**[20]**

**VRAAG 9**

Bestudeer BRON I hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON I: 'N OPMERKING DEUR 'N DRAMATIESE KUNSTE-BEÏNVLOEDER**

**LET WEL:** 'n Beïnvloeder is iemand wat sosiale media gebruik om die toon aan te gee en 'n invloed te hê op diegene wat hulle volg.

Toneelstukke het mag. Mag om die harte en gedagtes van diegene wat kyk, te beïnvloed.

As 'n beïnvloeder ('influencer') gebruik ek TikTok*-videogrepe om my volgelinge aan te moedig om lewendige teater te gaan kyk, want die teater-elemente in 'n lewendige produksie soos sang, dans, klank, beligting, stel, kostuums en spesiale effekte maak dit pret en opwindend om te kyk. Om na toneelstukke te kyk, kan die manier waarop ons dink oor die wêreld waarin ons leef, verander.

(*TikTok is 'n sosialemedia-toepassing ('app') wat gebruikers toelaat om kort video's te maak.)

9.1 Definieer die term *Dramatiese Kunste*. (2)

9.2 Verbeel jou jy is 'n Dramatiese Kunste-beïnvloeder. Jy wil enige toneelstuk wat jy in Dramatiese Kunste bestudeer het, bevorder.

9.2.1 Noem die toneelstuk wat jy in Dramatiese Kunste bestudeer het wat jou sal inspireer om jou TikTok-video te skep. (2)

9.2.2 Beskryf watter teater-elemente jy by jou TikTok-video kan insluit sodat jou volgelinge graag na die toneelstuk wat jy in VRAAG 9.2.1 gekies het, wil kyk. (6)

9.2.3 Verduidelik hoe die toneelstuk wat jy gekies het, die mag het om die manier te verander waarop ons dink oor die wêreld waarin ons leef. (6)

9.2.4 Debatteer of TikTok by die onderrig van Dramatiese Kunste ingesluit moet word, of nie. (4)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou